



Vaardighede wat benodig word om te leer lees.

## Leesvaardighede

Foute analise

Die uiteensetting is gebaseer op vaardighede wat leerders baas moet raak om te leer lees.

**Marlene van der Berg**  
4/3/2011

## Leesvaardighede en foute analise:

(Vaardighede wat benodig word om te leer lees.)

### 1) Visuele analise:

Die vermoë om woorde in letters of letter groepe op te breek. Bv. kat = k-a-t: brand = br-a-nd.

### 2) Visuele sintese:

Die vermoë in letters en letter groepe in die korrekte volgorde te rangskik om 'n woord te vorm, bv: b-u-s = bus.

### 3) Visuele geheue:

Die vermoë om 'n visuele beeld van letters /woord vorms en die volgorde waarin hulle rangskik is te onthou en te herroep, bv. nos/ons, blaare/blare.

### 4) Visuele diskriminasie en vorm persepsie.

Die vermoë om verskille tussen vorm en letters en woorde wat baie dieselfde lyk te kan identifiseer, bv. b/d, u/n, t/f, j/g, kas en sak.

### 5) Links-regs oriëntasie

Die innerlike bewustheid van die twee dele van die liggaam (links en regs). Probleme hiermee veroorsaak dat woorde en letter omgekeer word bv: kas/sak, neus/seun, b/d, f/j.

### 6) Ouditiewe sintese (samevoeging van klanke)

Die vermoë om die klanke wat jy gehoor het in 'n sinvolle geheel saam te voeg, bv: kr-a-p = krap, d-a-k = dak, Son-dag-mid-dag = Sondagmiddag.

### 7) Ouditiewe analise

Die vermoë om woorde op te breek in klanke of klank dele, bv. snik = sn-i-k, broodmes = brood-mes.

### 8) Ouditiewe volgordebepaling.

Die vermoë om klanke en groepe klanke, binne woorde in die korrekte volgorde te kan herroep. bv. on-skul-dig, be-lang-ri-ke.

### 9) Klank simbool assosiasie.

Die vermoë om 'n letter of 'n groep letters te sien en die verwante klank te kan herroep.

Indien 'n leerder met enige van die bogenoemde vaardighede probleme ondervind, kan die volgende leesfoute manifisteer.

## FOUTE ANALISE EN AFMERKLYS.

<b>Merk elke fout wat van toepassing is.</b>	
<b>1. <u>Woordherkenningsvaardighede</u></b>	
Raai woorde deur na die beginklank te kyk bv. perd vir pers.	
Raai woorde deur na die eindklank van woorde te kyk bv. balk vir dalk.	
Kyk nie na middel of laaste deel van woord nie, bv. dak vir dek of rak vir rakkie.	
Gebruik die betekenis van die storie om woorde te raai, bv. hulle woon in 'n huis/i.p.v. woonstel.	
Ignoreer sy/haar foute en gaan aan met lees. (Nonsens sinne tot gevolg)	
Verwar woorde met dieselfde vorm, bv. dit/bid.	
Klank uit letter vir letter, maar kan dit nie weer in 'n geheel saamvoeg nie.	
Algemene kennis van klanke is swak.	
<b>2. <u>Omkerings en rotasie</u></b>	
Omkering van woorde bv. kas/sak, kap/pak	
Rotasie van letters in woorde, bv. bak/dak, busse/disse	
<b>3. <u>Lettergreepverdeling</u></b>	
Die onvermoë om woorde in lettergrepe te verdeel. Bv. besoek = be-soek.	
<b>4. <u>Woordverwarring</u></b>	
Die kind lees hulle vir julle, by vir hy.	
<b>5. <u>Frase lees</u></b>	
Lees woord-vir-woord	
Onvermoë om in betekenisvolle frases te lees.	

Ignoreer punktuasie.	
Herhaal woorde en frases.	
Laat woorde weg.	
Voeg woorde by, buite konteks.	
Verander woordorde in 'n sin of frase.	
Leesspoed te stadig	
Leesspoed te vinnig.	
<b>6. <u>Woordherkenning.</u></b>	
Klank woorde wat sigwoorde behoort te wees.	
Sigwoordeskat beperk.	
<b>7. <u>Leesbegrip</u></b>	
Die onvermoë om letterlike betekenis te verstaan, bv. Die meisie trek 'n blou rok aan. Vraag: Watter kleur rok het die meise aangetrek?	
Onvermoë om geimpliseerde betekenis te verstaan, bv. Watter seisoen word in die storie beskryf?	
Onvoermoë om te voorspel wat volgende gaan gebeur.	
Onvermoë om die hoofidee te herken.	
Onvermoë om belangrike inligting uit te soek.	
Onvermoë om gebeure in logiese volgorde te organiseer.	
<b>8. <u>Algemene lees gewoontes</u></b>	
Kopbewegings.	
Verloor maklik plek.	
Hou boek te naby aan gesig om verkeerd.	
Swak postuur.	
<b>9. <u>Stemtoon</u></b>	
Lees in 'n hoë/ gespanne stemtoon	
Eentonige stemtoon	
Mompel as lees	
Mompel slegs moeilike woorde.	